**Vrydag 15 Desember**
**Skrifgedeelte: Johannes 5:1-18**
**Fokusgedeelte: Johannes 5:6, 8, 14**
**Die genadewerk van Christus roep ons tot verantwoordelikheid**

Die hele gedagte van die boek Johannes om Jesus aan ons te openbaar as die Christus, word in hoofstuk 5 voortgesit (Joh. 20:31). Die gebeurtenis by die bad fokus spesifiek op twee sake wat Jesus as die Christus aan ons openbaar: die voorkennis van Christus (vs 6), asook die almag van Christus (vs 8).

Johannes fokus ons aandag op die feit dat Christus bewus is dat die man al lank siek is, 38 jaar lank, lees ons. Die voorkennis van Christus openbaar die Godheid van Jesus aan ons – Christus het juis met dié doel na hierdie bad gekom – om hier ook sy almag te openbaar. Christus beveel die man op om te staan en te loop. Hier openbaar Christus ’n verdere saak: die totale almag wat Christus het oor lewe en dood.

In vers 14 sien ons die doel waarom Christus hierdie man genees het: Kyk, jy is nou gesond; moenie langer sondig nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie. Die doel van die genesing gaan nie oor die man se gesondheid nie, maar oor die man se geloof: sy heilig-wees. Die doel van Christus se werk op aarde was juis om aan ons die nuwe en lewende weg te openbaar soos ons lees in Hebreërs 10:19-21. Christus waarsku die man dat indien hy sou wegdraai van Christus af, indien hy volhard in die sonde, “dat iets ergers met hom sal gebeur”.

Christus se woorde gaan natuurlik oor die ewige verdoemenis wat wag op dié wat nie volhard in die genade wat deur Christus bewys is nie (vs 28-29). Die genade van Christus word vrylik gegee, maar die genade roep ons ook op tot verantwoordelikheid: om ten bloede toe weerstand te bied teen die sonde.

*Sing: Psalm 66-1:7, 8, 9*
*Ds. JG Ehlers (Jan) (Meyerton)*